WINE HARVEST COMMEMORATIVE EVENT

2024 Wynoesherdenkingsgeleentheid Vereer Uitgelese Groep Bedryfsreuse

Selde is daar groter afwagting of hoër waardering vir 'n gebeurtenis as vir die jaarlikse Wynoesherdenkingsgeleentheid wat op 1 Februarie 2024 plaasgevind het. Die geleentheid herdenk die geskiedkundige geboorte van Suid-Afrikaanse wyn, terwyl daar ook hulde gebring word aan die land se ryke wynerfenis, en die seën op die nuwe oes gevra word.

'n Hoogtepunt van die Wynoesherdenkingsgeleentheid is die verering van sleutelindividue en organisasies wat op uitnemende wyse tot die voortgesette sukses van Suid-Afrikaanse wyn bygedra het. Dit is dan ook gepas dat dit juis op Suid-Afrika se oudste produserende wynplaas , Groot Constantia, gehou is.

Deur die jare het verskeie wynlegendes erkenning ontvang in die kategorieë van Visioenêre Leierskap (met die 1659 Toekenning vir Visioenêre Leierskap), Bevordering van Inklusiwiteit, Wynbevordering, en Wingerd- en Wynbou.

Vanjaar se ontvangers staan skouer aan skouer met die hoogaangeskrewe leiers wat in die verlede erken en vereer is, en sluit in: Tim Hutchinson, wat die 1659 Toekenning vir Visioenêre Leierskap ontvang het; Cathy Marston vir Wynbevordering; Ilse Ruthford vir Bevordering van Inklusiwiteit; en Dawid Saayman vir Wingerd- en Wynbou.

Nuutverkose voorsitter van die **Groot Constantia Trust, Clifford van der Venter**, sê dat na al die jare wat die Wynoesherdenkingsgeleentheid individue vereer vir hulle uitstaande bydraes tot die Suid-Afrikaanse wynbedryf, bly die kandidate steeds van die hoogste kaliber.

"Soos in die verlede, is vanjaar se ontvangers inderdaad 'n toonbeeld van die lewenskragtige Suid-Afrikaanse wynbedryf. Hulle is bewys van die buitengewone bydraes van talle talentvolle individue en toegewyde organisasies wat onverpoosd werk om te verseker dat Suid-Afrikaanse wyne hul regmatige plek onder internasionale bedryfsleiers inneem. Ek is oortuig dat ons bedryf gesond en in 'n sterk posisie is vir 'n selfs meer suksesvolle en volhoubare toekoms."

Die 1659 Toekenning vir Visioenêre Leierskap: Tim Hutchinson.
Die gesogte 1659 Toekenning vir Visioenêre Leierskap het vanjaar gegaan aan Tim Hutchinson – 'n ware leidende lig in die wêreld van wyn.

Hutchinson het sy pad van 'n nederige begin oopgekap tot en met sy posisie as hoof van een van die grootste en mees snel-groeiende onafhanklike wynmaatskappye in Suid-

Afrika. Sy waagmoedige inisiatiewe het Suid-Afrikaanse wyn op ‘n blywende koers gestuur, terwyl sy filantropiese werk en sosiale verantwoordelikheidsprojekte ‘n onuitwisbare impak op gemeenskappe regoor die land gehad het. Sy leierskap en toewyding was instrumenteel in die sukses en groei van die Suid-Afrikaanse wynbedryf, terwyl sy unieke visie, vasberadenheid en sakevernuf die land se wynsektor op talle maniere verryk het.

“Hulle sê niks is onmoontlik nie, en hierdie toekenning is werklik ‘n bewys daarvan. As ‘n mens jou visie dag na dag nastreef, is dit moontlik om jou drome en doelwitte te verwesenlik. Daarby maak hierdie soort erkenning deur jou tydgenote jare se harde werk en doodgewone skouer-aan-die-wiel alles die moeite werd. Maar ek sal in gebreke bly as ek nie my familie en almal wat sy-aan-sy saam met my gewerk het, erkenning gee nie. ‘n Mens is nie ‘n eiland nie, en in my geval is daar geen groter waarheid nie. Baie dankie aan almal wat my visie gedeel het. Hierdie toekenning is nie net vir my, maar behoort ook aan julle,” sê Hutchinson.

Kategorie vir Wynbevordering: Cathy Marston
Cathy Marston is as die 2024 ontvanger in die kategorie vir Wynbevordering aangewys vir haar bydraes tot die beeld van Suid-Afrikaanse wyn en die Suid-Afrikaanse wynbedryf as ‘n geheel.

Nie net is Marston ‘n hoog aangeskrewe wynproewer, beoordelaar en joernalis nie, maar sy is ook ‘n formidabele wynopvoeder met globale omvang en invloed. Sy is die stigter van en hoofdosent aan die invloedryke “International Wine Education Centre” (IWEC) in Kaapstad, wat die “Wine & Spirit Education Trust” (WSET) se kwalifikasies aanbied. Sy doen ook baie belangrike werk om diversiteit en inklusiwiteit in die Suid-Afrikaanse wynbedryf te bevorder. Deur die afbreek van sosio-ekonomiese grense, haar onwrikbare passie vir wynopvoeding en onskatbare bydraes tot die wynbedryf, kweek sy voortdurend waardering en begrip vir Suid-Afrikaanse wyn, beide hier ter plaatse en in die internasionale arena.

Kategorie vir die Bevordering van Inklusiwiteit: Ilse Ruthford
Die 2024-ontvanger in die kategorie vir die Bevordering van Inklusiwiteit is Ilse Ruthford, Besturende Direkteur van Compagniesdrift vir die afgelope 13 jaar. Met haar passie vir die bemagtiging van opkomende generasies van boere, is sy ‘n mentor en inspirerende leier vir talle jongmense, in wie sy ‘n sterk toekomshoop skep.

Ruthford het 27 jaar se ervaring in die wynbedryf en in haar huidige rol staan sy aan die hoof van ‘n merkwaardige bemagtigingsprojek – Compagniesdrift is ‘n 100% swart eienaarskap maatskappy. Sy gebruik haar passie en ervaring om ander te inspireer terwyl sy ook haar personeel mentor en ophef. Daarby speel sy ‘n kernrol in die gemeenskap as raadslid van die Stellenbosch Wynroete, waar sy sosio-ekonomiese ontwikkeling lei.

Kategorie vir Wingerd- en Wynbou: Dawid Saayman
Die 2024-ontvanger van die Wingerd- en Wynboutoekenning is Dawid Saayman, ‘n grondwetenskaplike wat in wingerd- en wynbou spesialiseer. Hierdie gesogte toekenning vereer individue vir hulle innoverende idees, tegnologie en praktyke in die wynbedryf. Gedurende sy 50-jaarlange loopbaan het Saayman baanbrekerswerk gedoen op die gebied van navorsing, opleiding en mentorskap.

Een van Saayman se mees invloedryke bydraes tot die bedryf is sy werk om die konsep van terroir in Suid-Afrika te definieer. Hy het 'n sentrale rol gespeel in die identifisering en verstaan van geologie, grondtipes en klimaat in die Suid-Afrikaanse 'Wyn van Oorsprong'-skema. Dit stel wynmakers in staat om unieke wyne wat die natuurlike faktore in hulle spesifieke streke weerspieël, te maak. Sy kundigheid geniet ook internasionale aansien met sy uitgebreide lys van 28 wetenskaplike en 39 semi-populêre publikasies. Sy lewenslange toewyding tot die bevordering van wingerd- en wynbou het 'n onmeetbare impak op die Suid-Afrikaanse wynbedryf en die voortgesette sukses daarvan gehad.

Dr. Ivan Meyer, Wes-Kaapse LUK vir Landbou, sê dat die Wes-Kaapse regering trots is op hulle verbintenis met die Suid-Afrikaanse Wynbedryf en die Wynoesherdenkingsgeleentheid.

"Ons wynbedryf is lewendig, volhoubaar, innoverend, veerkragtig, en een van die hoekstene van die Wes-Kaapse, en Suid-Afrikaanse, landbousektor. Saam werk ons aan die uitbouing van die ekonomie, werkskepping, en 'n veiliger Wes-Kaap, terwyl ons die welstand en waardigheid van ons burgers bevorder. Oor die afgelope 365 jaar het die wynbedryf vele uitdagings te bowe gekom en deur visioenêre leierskap, soos dié wat by hierdie jaarlikse geleentheid vereer is, het dit tot 'n ikoniese sektor met sterk toerismebande ontwikkel," sê dr. Meyer.

"Die Wes-Kaap is welbekend vir sy wynmaakerfenis en is 'n voorkeurverskaffer regoor die wêreld. Dit is vir Wesgro aangenaam om die Wynoesherdenkingsgeleentheid, wat erkenning verleen aan die bedryf en individue wat nuwe vlakke van uitmuntendheid op inklusiewe wyse inspireer, vanjaar te ondersteun," sê **Wrenelle Stander, HUB van Wesgro**.

Die 2024 Wynoesherdenkingsgeleentheid is moontlik gemaak deur die ruim ondersteuning van Groot Constantia, die Wes-Kaapse Departement van Landbou, Wesgro, South Africa Wine, Standard Bank, Checkers, Die Burger en Kaapstad Toerisme.

Besoek www.sawineharvest.co.za om meer te wete te kom oor die Wynoesherdenkingsgeleentheid, diegene wat vereer is, en die Suid-Afrikaanse wynbedryf in die algemeen. Vir meer inligting oor Groot Constantia, besoek www.grootconstantia.co.za.

EINDE

Vir verdere inligting, tree asseblief in verbinding met:
Carmen Lerm – Kommunikasiebestuurder: Wynoesherdenkingsgeleentheid
E-pos: carmen@fusiondesign.co.za Telefoon: 082 825 5715
Alternatief: Zubeida Abrahams zubeida@fusiondesign.co.za Telefoon: 072 392 4017

NOTAS AAN DIE REDAKTEUR:

Die Wynoesherdenkingsgeleentheid
Die Wynoesherdenkingsgeleentheid is 'n jaarlikse gebeurtenis wat die geboorte van die wynbedryf in Suid-Afrika herdenk. Tydens hierdie geleentheid vra die wynmaakgemeenskap vir die seën oor die nuwe oes en bring hulde aan rolspelers vir hulle pioniersbydraes tot die voortgesette sukses van die Suid-Afrikaanse wynbedryf. Die Wynoesherdenkingsgeleentheid vind vroeg in Februarie op Groot Constantia-wynplaas in Kaapstad plaas.

Die kategorieë vir erkenning is:

- 1659 Toekenning vir Visioenêre Leierskap
- Bevordering van Inklusiwiteit
- Wynbevordering
- Wingerd- en Wynbou.

Groot Constantia:
Groot Constantia is die oudste wynproduserende plaas in Suid-Afrika, en maak reeds sedert 1685 deurlopend legendariese wyne. Groot Constantia is ‘n integrale deel van Wêreldwynerfenis, ‘n provinsiale erfenisgebied en ‘n internasionale toeristeaantreklikheid, slegs 20 minute vanaf die Kaapstadse middestad. Die plaas is ‘n amptelike WWF kampioen – ‘n status wat met trots in stand gehou word. Groot Constantia het volle waardering vir die land se ryke en kaleidoskopiese erfenis. Derhalwe is diversiteit, transformasie en inklusiwiteit altyd hoogste prioriteite. Vandag geniet Groot Constantia aansien as ‘n ikoniese leier in die bewaring van Suid-Afrika se kulturele nalatenskap en die vestiging van die wynbedryf as ‘n verrykende en bemagtigende arena vir almal. Besoek www.grootconstantia.co.za vir meer inligting.